Die Verkleurmannetjie
NG Kerk Karatara
Karatara - wyk

12 Bloekomlaan

Posbus 1195
Sedgefield, 6573

kantoor@ngkkaratara.co.za
ngkkaratara.co.za
044 343 2033

FB - NGKerkKarataraSedgefield
Youtube - NG Kerk Karatara

Goeie môre en hartlik welkom by vandag se EREDIENS.
Dit is ons gebed dat hierdie diens vir u tot seën sal wees.
Ds. Marius Coetzee bring die Woord vanoggend

Skriflesing: 2 Pet 1: 2-11

Tema: "As Christus se volgelinge, is ons ge-oefen & gefokus"

10 September 2023

Gebedsversoeke:

Skole – Kom ons bid vir ons skole. Die regering wil goed in bring wat nie goed is nie en van ons skole laat reeds dinge toe wat mens se hare laat rys.
Bid vir beheerrade, dat die Here Christene aan die hoof sal plaas.
Bid vir ons kinders dat die Here hulle sal bewaar teen die dinge wat ingebring word in die skole. Bid dat ouers betrokke sal raak in hulle kinders se lewens en hulle die regte dinge sal leer.

Op eie bodem:

- **Dank die Here vir die lewe en die Ewige lewe**
-Bid dat Karatara sal terug draai na God toe.
-Bid vir: Hansie van Rooyen, Salomé en Michael van Rooyen, Petro Koen, Christa Basson, Eben Terblanche, Gwen Terblanche, Bokkie van den Berg, Estelle Botha, Kotie Barnard, Tienkie van Rooyen, Sarel Stander, asook ander mense in ons gemeente wat siek is, pyn beleef of herstel ná prosedures.

VERJAARSDAE:

Baie geluk aan elkeen wat vandag, of in hierdie week wat kom, verjaar. Mag die Here jou ryklik seën en mag jy elke dag Sy liefde, voorsiening en geestelike groei in jou lewe ervaar.

Hierdie week se aktiwiteite

Vandag: **9:30** Sondagskool **10:30** Erediens

Belydenisklas – Direk ná die erediens.

Kuier-kultuur: Kom geniet tee/koffie na die diens vanoggend. Jy is welkom!

Woensdag: **8:00** Gemeente Biduur

Vrydagoggend: 05:00-06:00 Manne-bid-en-koffie-Sedgefield **–** Alle mans welkom!

TEKS VIR DIE WEEK

Ps. 145:18 Die Here is naby almal wat Hom in waarheid aanroep.

BASAAR OP KARATARA – Saterdag, 4 November

Indien jy **bestandele** wil skenk vir die basaar, kan jy dit agter op die tafel in die voorportaal plaas. Op hierdie stadium, omdat die basaar nog 'n entjie is, sal bestandele soos: jellie, vla, suiker ens. baie waardeer word. (kyk net asb. na die vervaldatum, dat dit nie verval voor 4 November 2023 nie)

Daar word ook **Wit Olifant** items benodig, items vir die **"Dominee" Stalletjie** (enige iets wat jy kan aan dink), **Items vir die "Iets van als" stalletjie, lekkergoed Stalletjie** en natuurlik word baie hande benodig om te werk.

Ons wil graag ook 'n opruim span hê asook mense om te help om die tafels die Vrydag reg te sit. Vir enige navrae oor die basaar skakel of w/app Minnette by 0836556220

Goeie Nuus

Afstand is weg

Afstand speel 'n groot rol in ons lewe. Sommige plekke of bestemmings waarheen ons op pad is, is naby en ander ver. Ook meet ons ons verhoudings dikwels in terme van afstand. Ons sê party vriende en familie is naby, maar ander is verlangs of selfs ver. Dikwels verstaan ons ook ons verhouding met God in terme van afstand. Soms voel ons Hy is baie ver; ander kere voel ons Hy is naby. Maar ons gevoelens kan misleidend wees wanneer ons God met sulke afstande verbind.

Feit is, die afstand tussen die Here en al sy kinders het oneindig gekrimp. Die kruis is die groot afstandkrimper tussen hemel en aarde. Dit het die pad van ons kant af na Hom toe en terug vir altyd verkort. Nou is God naby. Nou is Hy hier by ons. Nou is ons gevoelens nie die regte barometer nie. Of die regte afstandsmeter nie. Nou vat ons Christus op sy woord as Hy vir ons sê Hy is by ons al die dae tot aan die einde van die tyd.

– Stephan Joubert

Uit die Woord

Maar wat my betref, die nabyheid van God is vir my goed. Ek het my Heer, die Here, my skuilplek gemaak… – Psalm 73:28

Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in waarheid aanroep.
– Psalm 145:18

Nader tot God, dan sal Hy tot julle nader.
– Jakobus 4:8